# HOOFSTUK 6

# AANBIEDING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN DIE VRAELYSANTWOORDE

## 6.1 INLEIDING

Nadat die data ingewin is en in die rekenaar ingelees is, is daar met behulp van die SAS-rekenaarprogram frekwensietabelle en persentasies verkry (SAS, 1982).

In hierdie hoofstuk word vraelysresponse chronologies volgens die agt afdelings van die vraelys aangebied, ontleed en vertolk, naamlik:

A. Moderne samelewingstendense.

B. Geslagsopvoeding en die ouerhuis.

C. Geslagsopvoeding en die skool.

D. Die aanbieding van geslagsopvoeding op skool.

E. Opleiding in geslagsopvoeding.

F. Seksuele molestering.

G. Die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter.

H. Die voorkoming van seksuele molestering.

## 6.2 MODERNE SAMELEWINGSTENDENSE

In hierdie paragraaf word die response op vrae 1 tot 3a aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.2.1 Vraag 1

Met vraag 1 wou daar bepaal word of die Suid-Afrikaanse adolessente dogter haar midde-in 'n moraliteitskrisis bevind (Bylaag A, vraag 1). Response op die vraag word in Tabel 6.1 aangebied.

**Tabel 6.1: Vraag 1**

"Is u van mening dat die Suid-Afrikaanse adolessente dogter haar midde-in 'n moraliteitskrisis bevind?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 103 | 85,8 |
| NEE | 17 | 14,2 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.2.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Volgens die resultaat in Tabel 6.1 is 85,8% (103 uit 120) respondente van mening dat die adolessente dogter haar midde-in 'n moraliteitskrisis bevind. Net 14,2% (17 uit 120) van die respondente was van mening dat dit nie die geval is nie.

Uit die response blyk dit dus dat die oorgrote meerderheid gesinsvoorligtingsonderwysers van Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal rede het om te glo dat die Suid-Afrikaanse adolessente dogter 'n moraliteitskrisis ervaar. Dit sou interessant wees om te weet op grond waarvan die respondente hulle so sterk oor die saak uitdruk.

### 6.2.2 Vraag 2

Hierdie vraag is ingesluit ten einde te bepaal of die moderne jeug 'n tendens van seksuele losbandigheid toon (Bylaag A, vraag 2). Response word in Tabel 6.2 voorgestel.

**Tabel 6.2: Vraag 2**

"Sou u sê dat die moderne jeug 'n tendens van seksuele losbandigheid toon?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 105 | 87,5 |
| NEE | 14 | 11,7 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.2.2.1 Ontleding en vertolking van die response

Van al die respondente het 87,5% (105 uit 120) aangetoon dat die moderne jeug 'n tendens van losbandigheid toon, terwyl 11,7% van mening is dat dit nie die geval is nie. Aangesien die meerderheid van die respondente aangedui het dat die moderne jeug 'n tendens van seksuele losbandigheid toon, kan hierdie stelling as juis aanvaar word. Dit sou interessant wees om te weet op watter gronde hierdie mening gebaseer is. Een respondent het nie op hierdie vraag gereageer nie. 'n Ander respondent het die opmerking gemaak dat seksuele losbandigheid slegs by 'n klein groepie jeugdiges voorkom.

### 6.2.3 Vraag 2a

Respondente wat positief op vraag 2 gereageer het, moes met hierdie vraag aandui wat hulle as die hoofrede van seksuele losbandigheid beskou (Bylaag A, vraag 2a). Response word in Tabel 6.3 aangedui.

**Tabel 6.3: Vraag 2a**

"Indien u JA op vraag 2 geantwoord het, wat sou die hoofoorsaak hiervan wees?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Die invloed van die massamedia | 48 | 40,0 |
| b. | Portuurgroepsdruk | 14 | 11,7 |
| c. | Kerklosheid | 3 | 2,5 |
| d. | Gesinsverbrokkeling | 15 | 12,5 |
| e. | Gebrek aan normatiewe etiese waardes | 23 | 19,2 |
| f. | Ander rede (spesifiseer) | 1 | 0,8 |
| | GEEN ANTWOORD | 16 | 13,3 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.2.3.1 Ontleding en vertolking van die response

Volgens die response in Tabel 6.3, meen 40,0% (48 uit 120) van die respondente dat die invloed van die massamedia die hoofoorsaak van seksuele losbandigheid is.

Die gebrek aan etiese waardes speel ook 'n bepalende rol soos dit blyk uit die aantal respondente se reaksie, naamlik 19,2% (23 uit 120). Die ander faktore speel 'n minder belangrike rol. Dis interessant om op te merk dat kerklosheid (2,5%) feitlik geen rol speel nie. Slegs 1 respondent het 'n ander rede aangedui, sonder om dit te spesifiseer. Verder het 16 respondente nie gereageer op die vraag nie. Dis waarskynlik te wyte aan die feit dat hulle nie van mening is dat die jeug 'n tendens van seksuele losbandigheid toon nie (sien vraag 2).
Die gevolgtrekking kan gemaak word dat respondente die invloed van die massamedia as die vernaamste rede vir die seksuele losbandigheid onder adolessente dogters beskou. Die afleiding kan ook gemaak word dat die invloed van die massamedia op die vorming van negatiewe norme en waardes by dogters nie onderskat mag word nie.
Aangesien hierdie response die houding van die gesinsvoorligtingsonderwysers weerspieël, sou dit interessant wees om dogters se menings hieroor te toets.

### 6.2.4 Vraag 3

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die respondente van mening is dat tienerswangerskappe aan die toeneem is in die Republiek van Suid-Afrika (Bylaag A, vraag 3). Die response van hierdie vraag word in Tabel 6.4 aangedui.

**Tabel 6.4: Vraag 3**

"Is u van mening dat tienerswangerskappe toeneem in die R.S.A?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 98 | 81,7 |
| NEE | 22 | 18,3 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.2.4.1 Ontleding en vertolking van die response**

Die afleiding kan gemaak word dat tienerswangerskappe toeneem in die RSA. Dit is 'n onrusbarende feit wat die hele samelewing betrek en pro-aktiewe optrede is dus noodsaaklik om hierdie samelewingstendens te beheer.
'n Verdere gevolgtrekking is dat die groot positiewe respons 'n weerspieëling is van 'n realiteit waarmee al meer skole gekonfronteer word.

**6.2.5 Vraag 3a**

Indien die respondente positief op vraag 3 geantwoord het, wou daar nou bepaal word waaraan tienerswangerskappe hoofsaaklik toe te skryf is (Bylaag A, vraag 3a). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 6.5 aangebied.

**Tabel 6.5: Vraag 3a**

"Indien u JA op vraag 3 geantwoord het, waaraan sou u dit toeskryf?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Vroeë geslagsrypwording | 10 | 8,3 |
| b. | Eise van die samelewing, veral die portuurgroep | 44 | 36,7 |
| c. | Swak sosio-ekonomiese milieu | 6 | 5,0 |
| d. | Swak selfbeeld | 0 | 0,0 |
| e. | Ontoereikende geslagsopvoeding | 30 | 25,0 |
| f. | Ander rede (spesifiseer) | 7 | 5,8 |
| | GEEN ANTWOORD | 23 | 19,2 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.2.5.1 Ontleding en vertolking van die response

Uit bostaande tabel blyk dit dat 36,7% (44 uit 120) respondente toenemende tienerswangerskappe toeskryf aan die eise van die moderne samelewing, veral ook dié van die portuurgroep. Gebrekkige geslagsopvoeding speel ook 'n beduidende rol soos blyk uit die aantal response, naamlik 25,0% (30 uit 120).
Dit blyk ook dat daar 'n groot behoefte aan toepaslike geslagsopvoeding in skole is.

Dit sal daartoe meewerk dat positiewe waardes en norme ten opsigte van die samelewing en die portuurgroep by adolessente dogters gekweek word; dus 'n nuwe "kultuur" van respek vir die medemens.

23 respondente het nie op hierdie vraag gereageer nie, terwyl 7 die volgende redes aangevoer het:

- Gesinsverbrokkeling en kerklosheid.
- Christelike voorlewing in die samelewing ontbreek.
- Die aanvaarding van die ongehude moeder deur die samelewing.
- Die massamedia beskou voorhuwelikse seks as aanvaarbaar.
- Volgens die massamedia, en veral televisie, is voorhuwelikse swangerskappe glad nie erg nie en word buite-egtelikheid as goed en reg beskou.
- Die blootstelling aan vele terreine van die media het 'n invloed op toenemende tienerswangerskappe.
- Die tiener ervaar 'n gebrek aan ouerliefde en soek liefde op ander plekke.

## 6.3 GESLAGSOPVOEDING EN DIE OUERHUIS

In hierdie paragraaf word die response op vrae 4 tot 7 aangebied en vertolk.

### 6.3.1 Vraag 4

Hierdie vraag is in die vraelys ingesluit om vas te stel of respondente van mening is dat geslagsopvoeding reeds van kleins af moet begin (Bylaag A, vraag 4). Die response op hierdie vraag word in Tabel 6.6 aangedui.

**Tabel 6.6: Vraag 4**

"Is u van mening dat geslagsopvoeding reeds van kleins af moet begin?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 117 | 97,5 |
| NEE | 2 | 1,7 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.3.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Dit blyk dat bykans al die respondente van mening is dat geslagsopvoeding waarskynlik reeds op Graad 1-vlak kan begin. Hierdie bevinding mag bepaalde implikasies vir die primêre skoolkurrikulum inhou.

### 6.3.2 Vraag 5

Hierdie vraag sluit aan by die vorige een en daar wou vasgestel word of geslagsopvoeding die taak van die ouer is (Bylaag A, vraag 5). Die resultaat word in Tabel 6.7 aangebied.

**Tabel 6.7: Vraag 5**

"Sou u sê dat geslagsopvoeding die taak van die ouer is?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 118 | 98,4 |
| NEE | 1 | 0,8 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.3.2.1 Ontleding en vertolking van die response

Wat hier opval, is dat bykans al die respondente geslagsopvoeding beskou as 'n taak van die ouer. Daar is egter verdoemende bewyse in die literatuur dat baie ouers nie hulle plig nakom nie; trouens, hulle beskou geslagsopvoeding as 'n taak van die skool!
'n Verdere afleiding is dat die skool om bepaalde redes nie by geslagsopvoeding betrokke wil wees nie.

### 6.3.3 Vraag 6

Met hierdie vraag wou vasgestel word of ouers hulle verantwoordelikheid ten opsigte van geslagsopvoeding versuim (Bylaag A, vraag 6). Die resultaat word in Tabel 6.8 aangebied.

**Tabel 6.8: Vraag 6**

"Sou u saamstem dat sommige ouers hulle verantwoordelikheid ten opsigte van geslagsopvoeding versuim?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 119 | 99,2 |
| NEE | 0 | 0,0 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.3.3.1 Ontleding en vertolking van die response**

By die vorige vraag (vraag 5) het bykans al die respondente te kenne gegee dat geslagsopvoeding 'n taak van die ouers is. Die afleiding by vraag 5, naamlik dat ouers nie hulle plig nakom nie, word eenvoudig deur al die respondente aanvaar.

Die respondente wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, is dit eens dat die geslagsopvoeding van die adolessente dogter 'n taak vir die ouers is en nie die skool nie.

**6.3.4 Vraag 6a**

Respondente wat van mening is dat ouers hulle plig ten opsigte van geslagsopvoeding verwaarloos, moes aandui wat die belangrikste rede hiervoor is (Bylaag A, vraag 6a). Response word in Tabel 6.9 aangedui.

**Tabel 6.9: Vraag 6a**

"Indien u JA op vraag 6 geantwoord het, wat beskou u as die belangrikste rede hiervoor?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Ouers beskik nie oor die nodige kennis nie | 15 | 12,5 |
| b. | Hulle voel skaam, weens die sensitiwiteit van die onderwerp | 55 | 45,8 |
| c. | Ouers meen dat geslagsopvoeding die kind tot seksuele aktiwiteit sal aanmoedig | 11 | 9,2 |
| d. | Sommige ouers is van mening dat die massamedia die nodige inligting verskaf | 2 | 1,7 |
| e. | Omdat ouers goed klaargekom het sonder geslagsopvoeding is dit nie nodig dat hulle kinders ingelig hoef te word nie | 25 | 20,8 |
| f. | Kinders kan die kennis self bekom | 4 | 3,3 |
| g. | Ander rede (spesifiseer) | 6 | 5,0 |
| | GEEN ANTWOORD | 2 | 1,7 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.3.4.1 Ontleding en vertolking van die response

Daar is seker min sake wat soveel bespreking uitlok en die belangstelling gaande maak juis as geslagsopvoeding en aanverwante aspekte. Ten spyte van die pogings van die Staat, die Kerk en samelewing om ouers toe te rus vir hierdie verantwoordelike taak, deins hulle steeds terug van hulle verantwoordelikheid. Sedeloosheid neem daagliks toe en is 'n saak van nasionale erns, daarom kan ouers dit nie langer bekostig om hulle geslagsopvoedingstaak aan ander oor te laat nie.
Die volgende response verdien ook aandag:

- Ouers besef nie die nodigheid van geslagsopvoeding vir die kind in sy volwassewording nie.
- Ouers is onbetrokke by hulle kinders.
- Ouers het nie meer tyd om aan hulle kinders af te staan nie en ontduik sodoende hulle verantwoordelikheid.

### 6.3.5 Vraag 7

Ouers wat self toereikende geslagsopvoeding as kind ontvang het, toon dikwels minder inhibisies ten opsigte van geslagsopvoeding. Die navorser wou met hierdie vraag die respondent se reaksie hierop vasstel (Bylaag A, vraag 7). Die resultaat word in Tabel 6.10 opgesom.

**Tabel 6.10: Vraag 7**

"Is u van mening dat 'n ouer wat self toereikende geslagsopvoeding ontvang het minder inhibisies toon en daarom aan sy/haar kind die nodige geslagsopvoeding sal bied?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 112 | 93,3 |
| NEE | 8 | 6,7 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.3.5.1 Ontleding en vertolking van die response**

Na aanleiding van die respondente se antwoorde met betrekking tot vrae 4,5 en 6 blyk dit baie duidelik dat hulle die ouer verantwoordelik hou vir die kind se geslagsopvoeding. Dit beteken by implikasie dat ouers wat hulle plig nakom, kinders die wêreld sal instuur wat op hulle beurt as volwassenes hulle kinders sal voorgaan in doeltreffende geslagsopvoeding.

**6.4 GESLAGSOPVOEDING EN DIE SKOOL**

In hierdie paragraaf word die response op vrae 8, 8a en 8b aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.4.1 Vraag 8

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of gesinsvoorligtingsonderwysers van mening is dat geslagsopvoeding op skool noodsaaklik geword het (Bylaag A, vraag 8). Response word in Tabel 6.11 aangebied.

**Tabel 6.11: Vraag 8**

"Is u van mening dat geslagsopvoeding op skool noodsaaklik geword het?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 114 | 95,0 |
| NEE | 6 | 5,0 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.4.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Dit is interessant om daarop te let dat bykans al die respondente by vraag 5 aangedui het dat geslagsopvoeding die taak van die ouer is, maar dat byna net soveel respondente aangedui het dat geslagsopovoeding 'n taak van die skool is.

Die volgende opmerkings is ook deur respondente gemaak:
- Geslagsopvoeding op skool moes tien jaar gelede reeds begin het.
- Sommige skole het geslagsopvoeding meer nodig as ander; daar is 'n verskil in behoefte tussen stedelike en plattelandse skole.

- Een respondant het aangevoer dat geslagsopvoeding glad nie die taak van die onderwyser is nie.

Geslagsopvoeding op skool het dringend noodsaaklik geword en kan nie meer geïgnoreer word nie. Die vinnig veranderende samelewing stel dus ook meer eise aan die skool.

### 6.4.2 Vraag 8a

Indien die respondent NEE op vraag 8 geantwoord het, moes die belangrikste rede hiervoor in vraag 8a verstrek word. (Bylaag A, vraag 8a). Die resultaat word in Tabel 6.12 uiteengesit.

**Tabel 6.12: Vraag 8a**

"Indien u NEE op vraag 8 geantwoord het, verstrek asseblief u rede daarvoor."

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Geslagsopvoeding is uitsluitlik die taak van die ouer | 5 | 4,2 |
| b. | Gebrek aan opgeleide onderwysers in die verband | 0 | 0,0 |
| c. | Gebrek aan tyd | 0 | 0,0 |
| d. | Geslagsopvoeding op skool bevorder sedelike losbandigheid | 0 | 0,0 |
| e. | Kinders het nie 'n behoefte aan geslagsopvoeding nie | 0 | 0,0 |
| f. | Ander rede (spesifiseer) | 1 | 0,8 |
| | GEEN ANTWOORD | 114 | 95,0 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.4.2.1 Ontleding en vertolking van die response

Slegs vyf respondente is van mening dat geslagsopvoeding op skool nie noodsaaklik geword het nie en uitsluitlik die taak van die ouer is. Een respondent het geen rede gespesifiseer nie. Dit is te begrype dat daar ook respondente is wat meen dat geslagsopvoeding uitsluitlik die ouer se taak is.

### 6.4.3 Vraag 8b

Die respondente wat van mening is dat geslagsopvoeding noodsaaklik op skool geword het, moes die belangrikste rede hiervoor aandui (Bylaag A, vraag 8b). Die resultaat van hierdie vraag word in Tabel 6.13 voorgestel.

**Tabel 6.13: Vraag 8b**

"Indien u JA op vraag 8 geantwoord het, verstrek asseblief die belangrikste rede hiervoor".

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Gebrek aan kommunikasie tussen ouer en kind | 31 | 25,8 |
| b. | Ouerlike versuim om geslagsopvoeding aan die kind te verskaf | 63 | 52,5 |
| c. | Kinders bespreek probleme rondom geslagtelikheid eerder met die onderwyser as met die ouer | 13 | 10,8 |
| d. | Die onderwyser beskik oor meer kundigheid om geslagsopvoeding aan die kind oor te dra | 8 | 6,7 |
| e. | Ander rede (spesifiseer) | 0 | 0,0 |
| | GEEN ANTWOORD | 5 | 4,2 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.4.3.1 Ontleding en vertolking van die response

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die skool die belangrikheid en noodsaaklikheid van geslagsopvoeding insien. Omdat die ouer egter nie behoorlik uitvoering hieraan gee nie en die kommunikasie tussen ouers en kinders nie na wense is nie, is die skool as vennoot van die ouerhuis bereid om betrokke te wees by die geslagsopvoeding van die adolessente dogter (sien vrae 5 en 6).

## 6.5 DIE AANBIEDING VAN GESLAGSOPVOEDING OP SKOOL

In hierdie paragraaf word die response op vrae 9 tot 14a aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.5.1 Vraag 9

Met vraag 9 wou daar bepaal word of die problematiek rondom geslagsopvoeding aanleiding gegee het tot die stigting van gesinsvoorligtingsprogramme (Bylaag A, vraag 9). Die response van hierdie vraag word in Tabel 6.14 aangebied.

**Tabel 6.14: Vraag 9**

"Is u van mening dat die problematiek rondom geslagsopvoeding aanleiding gegee het tot die stigting van gesinsvoorligtingsprogramme?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 119 | 99,2 |
| NEE | 0 | 0,0 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.5.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Daar kan afgelei word dat gesinsvoorligtingsprogramme 'n belangrike rol speel ten opsigte van geslagsopvoeding. Dis moeilik om te verklaar waarom slegs een respondent nie op hierdie vraag gerespondeer het nie. Dit kan ook beteken dat gesinsvoorligtingsprogramme nuwe dimensie aan geslagsopvoeding op skool gegee het.

### 6.5.2 Vraag 10

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of geslagsopvoeding op skool slegs deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting), met toestemming van die ouer aangebied word (Bylaag A, vraag 10). Die resultaat van hierdie vraag word in Tabel 6.15 uiteengesit.

**Tabel 6.15: Vraag 10**

"Word geslagsopvoeding op skool deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) slegs met die toestemming van die ouer aangebied?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 101 | 84,2 |
| NEE | 18 | 15,0 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.5.2.1 Ontleding en vertolking van die response**

Ofskoon geslagsopvoeding amptelik aan die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) opgedra is, het 'n aantal skole aangedui dat hierdie diens nie in hulle skole aangebied word nie.

Volgens Tabel 6.15 dui die oorgrote meerderheid skole aan dat geslagsopvoeding deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) aangebied word en wel met die toestemming van die ouer. Dit is bemoedigend, aangesien die ouer beslis geken moet word in die geslagsopvoeding van sy kind.

Een respondent het nie op die vraag gereageer nie.

**6.5.3 Vraag 11**

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om te bepaal wie na die respondente se mening die mees aangewese persoon is vir die aanbieding van geslagsopvoeding (Bylaag A, vraag 11). Die resultaat word in Tabel 6.16 uiteengesit.

**Tabel 6.16: Vraag 11**

"Wie is na u mening die mees aangewese persoon vir die aanbieding van geslagsopvoeding?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) | 28 | 23,4 |
| b. | Onderwysers wat opgelei is in die aanbieding van geslagsopvoeding | 88 | 73,3 |
| c. | Die klasonderwyser | 0 | 0,0 |
| d. | Slegs die Departementshoof Opvoedkundige Leiding | 0 | 0,0 |
| e. | Die Skoolvoorligter | 0 | 0,0 |
| f. | Ander | 3 | 2,5 |
| | GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.5.3.1 Ontleding en vertolking van die response**

Die response op vraag 11 is baie betekenisvol vir die huidige onderwysstelsel. Dit wil voorkom asof gesinsvoorligtingsonderwysers nie ten gunste is van die manier waarop geslagsopvoeding tans aangebied word nie.

Die respondent wat nie gereageer het nie, is glad nie ten gunste van geslagsopvoeding op skool nie (sien vraag 10). Van die respondente het die volgende persone as die mees aangewese beskou:

- Die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding, in samewerking met geselekteerde personeel.
- 'n Persoon wat glad nie by die skool betrokke is nie.
- Die Skoolhoof.
- Jongmense waarmee die jeugdiges hulle kan identifiseer, wat 'n positiewe houding uitstraal, het meer trefkrag en kan skole besoek om korrekte inligting aan die kinders oor te dra.

**6.5.4 Vraag 12**

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die ouerbegeleidingsprogram die ouer ondersteun en met raad bedien ten opsigte van sy geslagsopvoedingstaak (Bylaag A, vraag 12). Die response word in Tabel 6.17 uiteengesit.

**Tabel 6.17: Vraag 12**

"Is u van mening dat die ouerbegeleidingsprogram die ouer ondersteun en met raad bedien betreffende sy geslagsopvoedingstaak?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 111 | 92,5 |
| NEE | 8 | 6,7 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.5.4.1 Ontleding en vertolking van die response**

Volgens die response blyk dit dat die ouerbegeleidingsprogram 'n positiewe bydrae lewer met betrekking tot die ouer se geslagsopvoedingstaak. Die toedrag van sake dui nogeens op die erns waarmee die Transvaalse Onderwysdepartement gesinsvoorligting (geslagsopvoeding) in sekondêre skole benader. Moeite word gedoen om ouers toe te rus vir hulle geslagsopvoedingstaak.

**6.5.5 Vraag 13**

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om vas te stel of die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) elke betrokke skool in die afgelope jaar besoek het (Bylaag A, vraag 13). Die response word in Tabel 6.18 aangebied.

**Tabel 6.18: Vraag 13**

"Het die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) verbonde aan u streek 'n ouerbegeleidingsaand in die afgelope jaar by u skool aangebied?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 46 | 38,4 |
| NEE | 73 | 60,8 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.5.5.1 Ontleding en vertolking van die response

Slegs 38,4% (46 uit 120) respondente het aangetoon dat die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) 'n ouerbegeleidingsprogram die afgelope jaar by hulle betrokke skole aangebied het, terwyl 60,8% (73 uit 120) skole nie besoek ontvang het nie. 'n Respondent het aangevoer dat 'n ouerbegeleidingsprogram wel by 'n betrokke skool aangebied is, maar dat die ondersteuning van die ouers uiters swak was. Een respondent het nie op hierdie vraag gereageer nie.

Die resultaat wat in Tabel 6.17 aangedui word is kommerwekkend. Dit wil voorkom asof die huidige aanbieding van geslagsopvoeding in die praktyk nie na behore funksioneer nie.

'n Verdere afleiding is dat die skool verkies dat programme eerder deur die skoolpersoneel as deur buitestaanders aangebied word.

### 6.5.6 Vraag 13a

Respondente wat in vraag 13 aangedui het dat die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) nie hulle skole in die afgelope jaar besoek het nie moes in vraag 13a aandui wat na hulle mening die belangrikste rede hiervoor was (Bylaag A, vraag 13a).

Die resultaat word in Tabel 6.19 uiteengesit.

**Tabel 6.19: Vraag 13a**

"Indien u NEE op vraag 13 geantwoord het, wat was die belangrikste rede hiervoor?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Geen uitnodiging is deur die skool aan haar gerig nie | 17 | 14,2 |
| b. | Die skoolhoof is nie ten gunste van 'n ouerbegeleidingsaand nie | 0 | 0,0 |
| c. | Die Adjunksuperintendente van Onderwys kon vanweë 'n druk program nie u skool besoek nie | 38 | 31,7 |
| d. | Gebrek aan ouerbelangstelling in die verband | 7 | 5,8 |
| e. | Ander rede | 12 | 10,0 |
| | GEEN ANTWOORD | 46 | 38,3 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.5.6.1 Ontleding en vertolking van die response

Uit die resultaat is dit duidelik dat die huidige stelsel ten opsigte van die aanbieding van geslagsopvoeding 'n ernstige tekortkoming vertoon. As gevolg van werksdruk kan die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) nie haar taak na behore vervul nie.

Dit blyk dus dat die praktyk skole noodsaak om van hulle eie kundiges gebruik te maak (sien vraag 13).
Die ander resultaat is minder beduidend. Die volgende response is ook gelewer:

- 'n Ouerbegeleidingsprogram is nog nie by die skool geloods nie.
- 'n Ouerbegeleidingsaand is in 1990 by 'n betrokke skool aangebied, maar die bywoning was uiters swak.
- Daar was nog nie 'n geleentheid vir die aanbieding van so 'n program nie.
- Daar is 'n ander kundige wat deur die skool gebruik word.
- Die skool beskik nie oor genoegsame fasiliteite om die ouers te akkomodeer nie.
- 'n Ouerbegeleidingsprogram is geskeduleer vir 1992.

### 6.5.7 Vraag 14

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die seksueel-gemolesteerde dogter se ouers onbetrokke is by onderwysaangeleenthede (Bylaag A, vraag 14). Die resultaat word in Tabel 6.20 aangebied.

**Tabel 6.20: Vraag 14**

"Is dit u ervaring dat kinders met spesifieke probleme, waaronder die seksueel-gemolesteerde dogter, se ouers onbetrokke is by opvoedende onderwysaangeleenthede en die ouerbegeleidingsprogram in die besonder ignoreer?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 100 | 83,4 |
| NEE | 19 | 15,8 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.5.7.1 Ontleding en vertolking van die response

Die meeste respondente, 83,4% (100 uit 120), is van mening dat die seksueel-gemolesteerde dogter se ouers onbetrokke is by onderwysaangeleenthede en die ouerbegeleidingsaand in die besonder.
Verskeie redes kan vir hierdie toedrag van sake verantwoordelik wees. Aangesien dit 'n uiters sensitiewe aangeleentheid is, is baie van die ouers waarskynlik skaam, ontsteld en antagonisties teenoor hulp. Dit kan ook wees dat van hierdie ouers nie werklik begaan is oor die gebeure nie.

### 6.5.8 Vraag 14a

Die respondente wat positief op vraag 14 geantwoord het, moes in hierdie vraag aandui wat die mees aangewese optrede sou wees om hierdie ouers meer betrokke te kry (Bylaag A, vraag 14a). Die resultaat word in Tabel 6.21 uiteengesit.

**Tabel 6.21: Vraag 14a**

"Indien u JA op vraag 14 geantwoord het, wat sou na u mening die aangewese optrede wees om hierdie ouer meer betrokke te kry?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Om ouerbegeleidingsprogramme vir alle st 6- leerlinge se ouers verpligtend te maak | 22 | 18,3 |
| b. | Om 'n ouerbegeleidingsprogram met 'n algemene oueraand te kombineer | 14 | 11,7 |
| c. | Om volledige opleidingskursusse deur die skool aan ouers te bied | 11 | 9,2 |
| d. | Meer gereelde aanbiedinge van ouerbegeleidingsprogramme, bv. twee keer per jaar, standerdsgewys | 25 | 20,8 |
| e. | Om handleidings oor geslagsopvoeding aan alle ouers van die skool uit te reik | 19 | 15,8 |
| f. | Ander voorstel | 9 | 7,5 |
| | GEEN ANTWOORD | 20 | 16,7 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.5.8.1 Ontleding en vertolking van die response**

Uit die tabel kan afgelei word dat 20,8% (25 uit 120) respondente aanvoer dat meer gereelde aanbiedinge van ouerbegeleidingprogramme moontlik 'n oplossing vir oueronbetrokkenheid kan bied.

Daar bestaan nie 'n groot verskil in persentasie tussen die verskillende aanbevelings nie. Een respondent het aangevoer dat hy glad nie ten gunste van ouerbegeleiding is nie, en dat volwassenes deur die Kerk begelei en opgevoed kan word. Daar bestaan 'n algemene gevoel dat ouers van seksueel-gemolesteerde dogters onbetrokke is by opvoedingsaangeleenthede. Meer gereelde aanbiedinge van ouerbegeleidingsprogramme kan moontlik 'n oplossing bied, maar die gebrek aan tyd is 'n groot probleem. Uit die response blyk dit ook dat daar nie konsensus onder gesinsvoorligtingsonderwysers is oor hoe die ouer betrokke gemaak kan word nie. Dit lyk tog of verpligte ouerbegeleidingsprogramme vir standerd 6-leerlinge se ouers en meer gereelde aanbiedinge redelik byval vind by hierdie skole.

## 6.6 OPLEIDING IN GESLAGSOPVOEDING

In hierdie paragraaf word die response op vrae 15 tot 17 aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.6.1 Vraag 15

Met vraag 15 wou daar by gesinsvoorligtingsonderwysers vasgestel word of oriënteringskursusse met betrekking tot geslagsopvoeding tans in elke streek deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) aangebied word (Bylaag A, vraag 15). Die antwoorde word in Tabel 6.22 uiteengesit.

**Tabel 6.22: Vraag 15**

"Word oriënteringskursusse tans aangebied deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) in elke streek, ten einde aan geselekteerde onderwysers opleiding te bied in gesinsvoorligting en meer spesifiek die aanbieding van geslagsopvoeding?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 118 | 98,3 |
| NEE | 2 | 1,7 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.6.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Volgens die tabel het 98,3% (118 uit 120) respondente aangedui dat oriënteringskursusse met betrekking tot die aanbied van geslagsopvoeding aangebied word deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) in elke streek. Slegs 1,7% (2 uit 120) respondente het negatief op hierdie vraag geantwoord.

Dit blyk uit die resultaat dat feitlik al die respondente (98,3%) bewus is van die feit dat opleidingskursusse in geslagsopvoeding aangebied word. Dit is moeilik om te verklaar waarom 2 respondente negatief op hierdie vraag gereageer het. Dit is moontlik dat die kursus deur 'n ander persoon aangebied is, vandaar die negatiewe reaksie op vraag 15.

'n Verdere afleiding is dat die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) hulle eerder op die opleiding van geselekteerde onderwysers toespits (daarom die vol program) sodat laasgenoemde die programme in skole kan aanbied (sien vraag 13).

### 6.6.2 Vraag 16

Hierdie vraag sluit nou aan by die vorige en wou bepaal of al die skole oor onderwysers beskik wat reeds so 'n opleidingskursus bygewoon het (Bylaag A, vraag 16).

Die antwoorde word in Tabel 6.23 uiteengesit.

**Tabel 6.23: Vraag 16**

"Beskik u skool oor onderwysers wat reeds so 'n opleidingskursus bygewoon het?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 120 | 100,0 |
| NEE | 0 | 0,0 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.6.2.1 Ontleding en vertolking van die response**

Uit die response kan afgelei word dat alle skole, dus 100% (120 uit 120), oor onderwysers beskik wat reeds so 'n opleidingskursus deurloop het.

Die feit dat alle skole wat in die ondersoek betrek is reeds oor onderwysers beskik wat opleidingskursusse in geslagsopvoeding deurloop het, is bemoedigend. Die aanname kan gemaak word dat skole self die verantwoordelikheid vir die geslagsopvoeding van hulle leerlinge aanvaar. Geslagsopvoeding is 'n belangrike taak en moet met groot omsigtigheid en kundigheid aangebied word.

### 6.6.3 Vraag 17

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die onderwyser wat sodanige opleidingskursus (vergelyk vraag 16) voltooi het, bekwaam genoeg is om geslagsopvoeding aan te bied (Bylaag A, vraag 17). Die resultaat word in Tabel 6.24 aangebied.

**Tabel 6.24: Vraag 17**

"Sou u meen dat 'n onderwyser wat hierdie kits-indiensopleidingskursus ontvang het, bekwaam genoeg is om geslagsopvoeding aan te bied?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 82 | 68,9 |
| NEE | 37 | 31,1 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.6.3.1 Ontleding en vertolking van die response

Die meerderheid respondente voel dat hulle ná die opleidingskursus bekwaam genoeg is om geslagsopvoeding met kundigheid aan te bied, maar 31,1% (37 uit 120) voel dat hulle nie gereed is hiervoor nie. Daar bestaan dus nog nie eenstemmigheid in hierdie verband nie. Hoe dit ook al sy, dit blyk 'n beweging in die regte rigting te wees.

Die volgende opmerkings is ook deur respondente gemaak:

- Geslagsopvoeding kan slegs deur geselekteerde onderwysers aangebied word indien die nodige media tot die persoon se beskikking is.
- Die onderwyser moet die regte geselekteerde persoon wees.

## 6.7 SEKSUELE MOLESTERING

In hierdie paragraaf word die response op vrae 18 tot 22a aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.7.1 Vraag 18

Met hierdie vraag wou daar bepaal word of repondente van mening is dat seksuele molestering 'n toenemende tendens vertoon (Bylaag A, vraag 18). Die resultaat word in Tabel 6.25 uiteengesit.

**Tabel 6.25: Vraag 18**

"Is u van mening dat seksuele molestering 'n toenemende tendens vertoon?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 104 | 86,7 |
| NEE | 15 | 12,5 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.7.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Uit die resultaat kan afgelei word dat seksuele molestering 'n toenemende tendens vertoon en daarom behoort die ouer en skool saam te werk om die probleem te bekamp. Dit sou baie interessant wees om te weet watter rede(s) die respondente aanvoer vir hierdie toedrag van sake. 'n Moontlike verklaring is dat seksuele molestering nie meer so "geheimsinnig" gehanteer word nie en dat al hoe meer dogters die slagoffers daarvan is.

### 6.7.2 Vraag 19

Hierdie vraag is in die vraelys ingesluit om te bepaal of gebrekkige geslagsopvoeding aanleiding gee tot seksuele molestering (Bylaag A, vraag 19). Die antwoorde word in Tabel 6.26 aangebied.

**Tabel 6.26: Vraag 19**

"Sou u sê dat gebrekkige geslagsopvoeding 'n oorsaaklike faktor is ten opsigte van seksuele molestering?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 82 | 68,4 |
| NEE | 37 | 30,8 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.7.2.1 Ontleding en vertolking van die response

Die resultaat toon dat 68,4% (82 uit 120) respondente van mening is dat gebrekkige geslagsopvoeding 'n oorsaaklike faktor van seksuele molestering is, terwyl 30,8% (37 uit 120) nie saamstem nie. Een respondent het nie op vraag 19 gereageer nie.
'n Relatief groot persentasie respondente heg dus baie waarde aan geslagsopvoeding ter voorkoming van seksuele molestering. Vir 'n eweneens groot groep is dit egter nie die oplossing van die probleem nie. Dit sou interessant wees om te weet watter voorstelle die 31,1% respondente het.

### 6.7.3 Vraag 20

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om te probeer vasstel of die gesinsvoorligtingsonderwyser oor genoegsame kennis beskik om die seksueel-gemolesteerde dogter te identifiseer (Bylaag A, vraag 20). Die resultaat word in Tabel 6.27 aangebied.

**Tabel 6.27: Vraag 20**

"Beskik u oor genoegsame kennis om die seksueel-gemolesteerde kind te identifiseer?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 58 | 48,4 |
| NEE | 61 | 50,8 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.7.3.1 Ontleding en vertolking van die response

Daar bestaan nie eenstemmigheid oor hierdie aspek nie; ongeveer die helfte van die respondente voel dat hulle bekwaam genoeg is om die seksueel-gemolesteerde kind te identifiseer, terwyl die ander helfte onsekerheid toon. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die dogter se gedrag nie noodwendig opvallend is nie, daarom dat nie alle gesinsvoorligters enige verskil aan haar gedrag of voorkoms sal bespeur nie.

### 6.7.4 Vraag 21

Met hierdie vraag wou die navorser vasstel of die slagoffer van seksuele molestering meestal deur vreemdelinge gemolesteer word of nie (Bylaag A, vraag 21). Die resultaat word in Tabel 6.28 aangebied.

**Tabel 6.28: Vraag 21**

"Word die slagoffer meestal deur vreemdelinge (buite gesinsverband) gemolesteer?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 12 | 10,0 |
| NEE | 106 | 88,3 |
| GEEN ANTWOORD | 2 | 1,7 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.7.4.1 Ontleding en vertolking van die response

Die resultaat stem ooreen met vorige navorsing wat reeds gedoen is, naamlik dat die oortreder selde 'n vreemde persoon is en dus gewoonlik aan die slagoffer bekend is (sien 2.4).

### 6.7.5 Vraag 22

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die respondente van mening is dat seksuele molestering oor die algemeen moeilik deur die slagoffer onthul word, veral dan in die geval van bloedskande (Bylaag A, vraag 22). Die resultaat word uiteengesit in Tabel 6.29.

**Tabel 6.29: Vraag 22**

"Is u van mening dat seksuele molestering oor die algemeen moeilik deur die slagoffer onthul word, veral in die geval van bloedskande?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 119 | 99,2 |
| NEE | 1 | 0,8 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.7.5.1 Ontleding en vertolking van die response

Met die uitsondering van een respondent, 0,8% (1 uit 120), is almal dit eens dat seksuele molestering moeilik deur die slagoffer onthul word.

Met vraag 20 moes daar by die respondente bepaal word of hulle oor genoegsame kennis beskik om die seksueel-gemolesteerde kind te identifiseer. Die response in hierdie vraag beaam dit. Die probleem word met groot geheimhouding hanteer.

### 6.7.6 Vraag 22a

Indien die respondent JA op die vorige vraag geantwoord het, moes hy in hierdie vraag aandui wat die grootste rede is waarom slagoffers nie maklik seksuele molestering onthul nie (Bylaag A, vraag 22a). Die response word in Tabel 6.30 uiteengesit.

**Tabel 6.30: Vraag 22a**

"Indien u JA op vraag 22 geantwoord het, wat is na u mening die grootste rede hiervoor?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Die kind probeer die bloedverwant beskerm | 25 | 20,8 |
| b. | Gevoel van skaamte en skuld | 41 | 34,2 |
| c. | Die kind is bang vir gesinsverbrokkeling | 18 | 15,0 |
| d. | Vrees vir die oortreder | 24 | 20,0 |
| e. | Gebrek aan vrymoedigheid om met 'n vertroueling te praat | 9 | 7,5 |
| f. | Ander rede | 2 | 1,7 |
| | GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.7.6.1 Ontleding en vertolking van die response

Uit die resultaat blyk dit dat die respondente uiteenlopende menings oor hierdie aangeleentheid toon. Die grootste groep, naamlik 34,2% (41 uit 120) meen dat die gevoel van skaamte en skuld die grootste rede vir die slagoffer se geheimhouding is. Slegs 7,5% (9 uit 120) respondente het aangevoer dat gebrek aan vrymoedigheid om met 'n vertroueling te praat die grootste rede is. Twee respondente het aangedui dat 'n kombinasie van al die genoemde faktore in Tabel 6.30 'n rol speel in die geheimhoudingsaspek van seksuele molestering.

Dit blyk uit die resultaat dat daar verskeie redes is waarom dogters nie seksuele molestering aan die lig laat kom nie. Die redes verskil dus en hang moontlik saam met elke dogter se individuele omstandighede waarin sy haar bevind.

## 6.8 DIE HANTERING VAN DIE SEKSUEEL-GEMOLESTEERDE DOGTER

In hierdie paragraaf word die response op vrae 23 tot 29 aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.8.1 Vraag 23

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om vas te stel of respondente van mening is dat alle onderwysers geskik is vir die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter (Bylaag A, vraag 23). Die response word in Tabel 6.31 aangebied.

**Tabel 6.31: Vraag 23**

"Is u van mening dat alle onderwysers geskik is vir die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 1 | 0,8 |
| NEE | 119 | 99,2 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.8.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Met die uitsondering van een respondent, is 99,2% (119 uit 120) van mening dat nie alle onderwysers geskik is vir die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter nie.
Die gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat gesinsvoorligters van mening is dat seksuele molestering 'n delikate probleem is wat slegs deur kundige persone (opgeleide persone wat oor die "regte" kwaliteite beskik) gehanteer kan word.

### 6.8.2 Vraag 24

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of geselekteerde, opgeleide onderwysers die seksueel-gemolesteerde dogter alleen kan hanteer, dit wil sê sonder professionele hulp van buite (Bylaag A, Tabel 6.32). Die resultaat word vervolgens uiteengesit.

**Tabel 6.32: Vraag 24**

"Is u van mening dat geselekteerde, opgeleide onderwysers bekwaam genoeg is om die kind met spesifieke geslagsprobleme, soos bv. die seksueel-gemolesteerde dogter, alleen te hanteer sonder professionele hulp van buite?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 14 | 11,7 |
| NEE | 106 | 88,3 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.8.2.1 Ontleding en vertolking van die response

Dit blyk dat gesinsvoorligters oor die algemeen nie ten gunste daarvan is dat opgeleide onderwysers die seksueel-gemolesteerde dogter help nie en dit ten spyte van die afleiding wat persone gemaak het (sien vrae 16 en 17). Die aanname kan ook gemaak word dat gesinsvoorligters die hantering van die dogter vir hulle self toe-eien.

Die volgende stellings is deur respondente gemaak:

- Professionele hulp is nie altyd nodig nie, veral wanneer daar gebruik gemaak word van geselekteerde onderwysers.
- Die noodsaaklikheid van professionele hantering sal afhang van die omstandighede van die gemolesteerde dogter asook die graad van erns.

### 6.8.3 Vraag 25

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om vas te stel of die onkundige hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter ernstige emosionele skade tot gevolg kan hê (Bylaag A, vraag 25). Die respondente se mening hieroor word in Tabel 6.33 uiteengesit.

**Tabel 6.33: Vraag 25**

"Is u van mening dat die onkundige hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter ernstige emosionele skade tot gevolg kan hê?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 118 | 98,3 |
| NEE | 2 | 1,7 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.8.3.1 Ontleding en vertolking van die response

Na aanleiding van die bevindinge by vraag 24 wil dit voorkom of die skade wat aan die seksueel-gemolesteerde dogter berokken kan word deur "opgeleide onderwysers" die hoofrede is waarom gesinsvoorligters die taak onder meer vir hulleself toe-eien.
Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die kundige hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter belangrik is ten einde ernstige emosionele skade op die langtermyn, soos byvoorbeeld selfvernietigende gedrag, te probeer voorkom.

### 6.8.4 Vraag 26

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die gesinsvoorligtingsonderwyser van mening is dat professionele hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter noodsaaklik is (Bylaag A, vraag 26). Die resultaat word in Tabel 6.34 aangebied.

**Tabel 6.34: Vraag 26**

"Sou u sê dat professionele hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter noodsaaklik is?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 119 | 99,2 |
| NEE | 1 | 0,8 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.8.4.1 Ontleding en vertolking van die response

Uit die resultaat kan daar afgelei word dat die seksueel-gemolesteerde dogter te alle tye met professionele kundigheid hanteer moet word; daarom dat dit wenslik is dat slegs hulp van 'n kundige persoon soos die gesinsvoorligtingsonderwyser of 'n persoon verbonde aan onderwyshulpdienste verantwoordelikheid aanvaar vir die professionele hantering van die dogter. 'n Verdere afleiding is dat opgeleide onderwysers (vrae 16 en 17) se optrede teenoor die dogter volgens die respondente nie noodwendig professioneel is nie!

### 6.8.5 Vraag 26a

Respondente wat van mening is dat die professionele hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter noodsaaklik is, moes met hierdie vraag aantoon wie die mees aangewese persoon is om die slagoffer te hanteer (Bylaag A, vraag 26a). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 6.35 uiteengesit.

**Tabel 6.35: Vraag 26a**

"Indien u JA op vraag 26 geantwoord het, wie is na u mening die mees aangewese persoon om die slagoffer te hanteer?"

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| a. | Die Hoof van die Onderwyshulp-sentrum | 39 | 32,5 |
| b. | Die betrokke gesinsvoorligting-onderwyser | 15 | 12,5 |
| c. | Die klasonderwyser | 0 | 0,0 |
| d. | Die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) | 40 | 33,3 |
| e. | Die skoolvoorligter | 2 | 1,7 |
| f. | Ander | 18 | 15,0 |
| | GEEN ANTWOORD | 6 | 5,0 |
| | TOTAAL | 120 | 100,0 |

**6.8.5.1 Ontleding en vertolking van die response**

Uit die resultaat blyk dit dat 33,3% (40 uit 120) respondente meen dat die seksueel-gemolesteerde dogter deur die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) hanteer moet word, terwyl 32,5% (39 uit 120) voel dat die Hoof van die Onderwyshulpsentrum so 'n kind moet hanteer. Die ander resultaat is minder beduidend.

Ses respondente het nie gereageer nie, terwyl 15,0% (18 uit 120) ander moontlikhede gekies het. Die volgende moontlikhede is ook aanbeveel:

- Die predikant.
- 'n Sielkundige.
- 'n Maatskaplike werker.
- Die hoof van die onderwyshulpsentrum se werklading is te groot en kan daar nie net van hom verwag word om die seksueel-gemolesteerde kind te hanteer nie.
- Een persoon kan nie alleen uitgesonder word nie. Totale bemoeienis van die regte professionele persone wat die slagoffer onderskraag en weer geestelik opbou, is noodsaaklik.

Die antwoorde op vraag 26a het die aannames en afleidings ten opsigte van die toe-eiening van geslagsopvoeding uitsluitlik deur die gesinsvoorligters 'n groot mate die nek ingeslaan. Dit is interessant dat die respondente van mening is dat die skoolvoorligter (wat 'n opgeleide persoon is) nie verantwoordelik vir geslagsopvoeding behoort te wees nie.
Dit val ook op dat 73,3% van die respondente by vraag 11 aangedui het dat geselekteerde onderwysers vir geslagsopvoeding verantwoordelik behoort te wees, maar dat hulle by vraag 26 (hantering van die gemolesteerde dogter) glad nie figureer nie. Die respondente het of nie die vrae mooi verstaan nie, of hulself weerspreek!

Uit die resultaat blyk dit dat die Adjunksuperintendente van Onderwys (gesinsvoorligting) en die Hoof van die Onderwyshulpsentrum as die mees aangewese persone beskou word vir die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter. Daar bestaan egter probleme in die praktyk, vanweë hierdie persone se gebrek aan tyd as gevolg van 'n groot werkslading. Die vraag is nou of "hulp" deur die gesinsvoorligters as welmenende onderwysers wat tyd tot hulle beskikking het, tog nie beter is as geen hulp nie.

### 6.8.6 Vraag 27

Met hierdie vraag wou daar vasgestel word of die seksueel-gemolesteerde dogter meer vertroue teenoor 'n bekende persoon as teenoor 'n vreemde persoon openbaar (Bylaag A, vraag 27). Die resultaat word in Tabel 6.36 uiteengesit.

**Tabel 6.36: Vraag 27**

"Is u van mening dat die seksueel-gemolesteerde dogter meer vertroue sal openbaar teenoor 'n bekende persoon, soos byvoorbeeld die klasonderwyser, as teenoor 'n vreemde peroon?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 70 | 58,3 |
| NEE | 48 | 40,0 |
| GEEN ANTWOORD | 2 | 1,7 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.8.6.1 Ontleding en vertolking van die response

Volgens Tabel 6.35 is 58,3% (70 uit 120) respondente van mening dat die seksueel-gemolesteerde dogter meer vertroue teenoor 'n bekende persoon openbaar, terwyl 48 (40,0%) nie saamstem nie. Twee respondente het nie gereageer nie.
Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die seksueel-gemolesteerde dogter meer vertroue teenoor 'n bekende persoon sal openbaar.

Daarom is dit so belangrik dat daar 'n vertrouensverhouding tussen die onderwyser en kind sal bestaan. Die aantal ja-antwoorde op hierdie vraag bevestig dus dat daar tog voldoende rede is dat opgeleide onderwysers (van die betrokke skool) se hulp nie onderskat kan word nie.

### 6.8.7 Vraag 28

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om te bepaal of die respondente ten gunste daarvan is dat 'n opgeleide manlike persoon die seksueel-gemolesteerde dogter hanteer (Bylaag A, vraag 28). Die antwoorde word in Tabel 6.37 uiteengesit.

**Tabel 6.37: Vraag 28**

"Is u ten gunste daarvan dat 'n opgeleide manlike persoon die seksueel-gemolesteerde dogter hanteer?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 30 | 25,0 |
| NEE | 85 | 70,8 |
| GEEN ANTWOORD | 5 | 4,2 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.8.7.1 Ontleding en vertolking van die response

Die resultaat toon dat 70,8% (85 uit 120) respondente nie ten gunste van 'n opgeleide manlike persoon is nie, terwyl 25,0% (30 uit 120) positief geantwoord het. Vyf respondente het nie gereageer nie.

Die resultaat van hierdie vraag het verreikende gevolge vir die huidige stelsel betreffende die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter. Bykans al die respondente het gevoel dat 'n manlike persoon nie geskik is nie, omdat die slagoffer se vertroue in 'n man reeds geskok is. Daar sal dus nie sprake van 'n vertrouensverhouding wees nie. 'n Verdere aanname is dat seksueel-gemolesteerde dogters slegs deur vroulike persone hanteer behoort te word. 'n Klein groepie respondente voel egter dat dit gaan om die kundigheid en professionele optrede van die hanteerder, hetsy manlik of vroulik.

### 6.8.8 Vraag 29

Hierdie vraag sluit nou aan by die vorige en wou bepaal of die repondente sou verkies dat 'n opgeleide vroulike persoon die seksueel-gemolesteerde dogter hanteer (Bylaag A, vraag 29). Die resultaat word uiteengesit in Tabel 6.38.

**Tabel 6.38: Vraag 29**

"Sou u verkies dat 'n opgeleide vroulike persoon die seksueel-gemolesteerde dogter hanteer?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 106 | 88,3 |
| NEE | 10 | 8,3 |
| GEEN ANTWOORD | 4 | 3,4 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.8.8.1 Ontleding en vertolking van die response

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat gesinsvoorligtingsonderwysers ten gunste daarvan is dat 'n vroulike persoon die gemolesteerde dogter moet hanteer, vanweë die feit dat die kind meer openhartigheid sal openbaar. Hierdie bevinding bevestig die aanname by die vorige vraag.
Die volgende aspekte is ter motivering aangedui:

- Die dogter vrees 'n manlike persoon en voel veiliger by 'n dame.
- Die dogter kan beter identifiseer met iemand van die vroulike geslag.
- Daar bestaan 'n groter mate van openheid rondom sensitiewe sake tussen dieselfde geslag.
- 'n Dame sal groter empatie toon as die manlike persoon.
- Een respondent het aangevoer dat die hantering van die seksueel-gemolesteerde dogter vir hom as man 'n verleentheid skep.
- Dis belangrik dat die dame nie te jonk en onervare sal wees nie.

## 6.9 DIE VOORKOMING VAN SEKSUELE MOLESTERING

In hierdie paragraaf word die response op vrae 30 tot 35 aangebied, ontleed en vertolk.

### 6.9.1 Vraag 30

Met hierdie vraag wou die navorser vasstel of gesinsvoorligtingsprogramme 'n suksesvolle bydrae lewer tot die voorkoming van probleme soos seksuele molestering en tienerswangerskappe (Bylaag A, vraag 30). Die response word in Tabel 6.39 aangebied.

**Tabel 6.39: Vraag 30**

"Is u van mening dat gesinsvoorligtingsprogramme 'n suksesvolle bydrae lewer tot die voorkoming van eietydse tienerprobleme soos seksuele molestering en tienerswangerskappe?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 106 | 88,3 |
| NEE | 12 | 10,0 |
| GEEN ANTWOORD | 2 | 1,7 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

#### 6.9.1.1 Ontleding en vertolking van die response

Dit blyk dat die gesinsvoorligtingsprogram op skool 'n positiewe bydrae lewer tot die voorkoming van seksuele molestering en tienerswangerskappe. Dis belangrik dat basiese riglyne betreffende geslagtelikheid aan dogters voorgelê moet word.

## 6.10 Vraag 31

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om te bepaal of dogters in skole voorgelig word met betrekking tot geslagtelikheid in die algemeen, asook hul reg tot privaatheid (Bylaag A, vraag 31). Die antwoorde word aangedui in Tabel 6.40.

**Tabel 6.40: Vraag 31**

"Word dogters in u skool voorgelig met betrekking tot hul geslagtelikheid in die algemeen en die reg tot privaatheid?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 113 | 94,2 |
| NEE | 7 | 5,8 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.10.1 Ontleding en vertolking van die response

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dogters oor die algemeen die nodige inligting aangaande geslagtelikheid en die reg tot privaatheid ontvang en dat skole dus 'n positiewe bydrae in hierdie rigting lewer.

## 6.11 Vraag 32

Met hierdie vraag wou daar bepaal word of selfbeveiligingsmaatreëls aan skoolgaande dogters voorgehou word, ten einde seksuele molestering te voorkom

(Bylaag A, vraag 32). Die resultaat word in Tabel 6.41 aangebied.

**Tabel 6.41: Vraag 32**

"Word selfbeveiligingsmaatreëls ten einde seksuele molestering te voorkom aan die dogters in u skool voorgehou?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 105 | 87,5 |
| NEE | 14 | 11,7 |
| GEEN ANTWOORD | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.11.1 Ontleding en vertolking van die response

Dit is bemoedigend dat selfbeveiligingsmaatreëls in skole toegepas word ten einde seksuele molestering te probeer voorkom. Slegs 'n baie klein groepie respondente het aangetoon dat dit nie die geval is by hulle betrokke skole nie. Dit is moeilik om te verklaar waarom een respondent nie geantwoord het nie.

## 6.12 Vraag 33

Hierdie vraag is in die vraelys ingesluit om vas te stel of skole oor die nodige apparatuur beskik aangaande die seksueel-gemolesteerde kind (Bylaag A, vraag 33). Die resultaat word in Tabel 6.42 uiteengesit.

**Tabel 6.42: Vraag 33**

"Beskik u skool oor genoegsame apparatuur betreffende die voorkoming van seksuele molestering en die identifisering en hantering van die seksueel-gemolesteerde kind?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 31 | 25,8 |
| NEE | 87 | 72,5 |
| GEEN ANTWOORD | 2 | 1,7 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.12.1 Ontleding en vertolking van die response

Daar bestaan tans 'n groot leemte by skole in die verband. Dit blyk duidelik dat die oorgrote meerderheid respondente toon dat skole nie oor genoegsame apparatuur beskik betreffende die voorkoming van seksuele molestering en die identifisering en hantering van die seksueel-gemolesteerde kind nie. Dit kan miskien daaraan toegeskryf word dat dit nog nie 'n algemene verskynsel onder dogters is nie; daarom dat dit nie soveel publisiteit kry nie.

## 6.13 Vraag 34

Met hierdie vraag wou daar bepaal word of multidissiplinêre samewerking noodsaaklik is vir die bekamping van seksuele molestering (Bylaag A, vraag 34). Die resultaat word aangebied in Tabel 6.43.

**Tabel 6.43: Vraag 34**

"Is u van mening dat multidissiplinêre samewerking tussen professionele instansies noodsaaklik is om die probleem van seksuele molestering beter te bekamp?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 119 | 99,2 |
| NEE | 1 | 0,8 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

## 6.13.1 Ontleding en vertolking van die response

Dit blyk uit die resultaat dat multidissiplinêre samewerking van professionele instansies noodsaaklik geword het en dat alle betrokke partye moet saamstaan om eietydse probleme die hoof te bied. Een respondent voel egter dat professionele instansies al baie skade aangerig het en nie die kind se belange op die hart dra nie. Volgens hom kan te veel persone die kind se vertroue skend en hom verwar.

## 6.14 Vraag 35

Hierdie vraag is in die vraelys ingesluit om te bepaal of ander organisasies soos byvoorbeeld Noodlyn soms na skole uitgenooi word om kinders te kom toespreek oor selfbeveiliging (Bylaag A, vraag 35). Die resultaat word in Tabel 6.44 aangebied.

**Tabel 6.44: Vraag 35**

"Word ander organisasies soos Noodlyn en die Suid-Afrikaanse Polisie se Kinderbeskermingseenheid soms na u skool uitgenooi om u kinders te kom toespreek oor selfbeveiliging?"

| | N | % |
|---|---|---|
| JA | 51 | 42,5 |
| NEE | 69 | 57,5 |
| GEEN ANTWOORD | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 120 | 100,0 |

### 6.14.1 Ontleding en vertolking van die response

Uit die resultaat kan afgelei word dat meer as die helfte van die skole nie werklik ander noodorganisasies by hulle skool betrek nie en dat daar nie werklik sprake van multidissiplinêre samewerking in die verband is nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat skole wat die probleem ervaar van die hulp van organisasies gebruik wil maak en dat die ander skole nie die nodigheid daarvoor insien nie. Die volgende antwoorde is ook verskaf:

- Ander organisasies kan betrek word as die behoefte dit regverdig.
- 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisie se Kinderbeskermingseenheid het 'n betrokke skool besoek. Die persoon was egter baie jonk en onervare en het nie die kinders op 'n professionele wyse hanteer nie.

- Ander organisasies kan 'n nuttige bydrae lewer, met die voorbehoud dat dit ná skoolure plaasvind.

## 6.15 SINTESE

In hierdie hoofstuk is vraelysresponse van geselekteerde gesinsvoorligtingsonderwysers van sekondêre Afrikaansmedium skole in Transvaal aangebied, ontleed en vertolk.

In hoofstuk 7 word die teoretiese en empiriese gegewens saamgevat en enkele gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.